Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

16 Januarie 2022
Nuusbrief No 6

Liewe Ouers,
Ons Gr 000 maatjies het verlede week se Poppekas-besoek vreeslik geniet.
Dankie vir elkeen se bydraes vir Wollies. Dit word so baie waardeer en gaan vir 'n goeie doel. Die kinders het heerlik aan die Valentynsdag-pret deelgeneem. Dankie ook vir u bydraes ook daarvoor.

Ons verwelkom 'n Onderwysstudent van die Universiteit van Pretoria wat vir 'n week hier by Parkieland haar Proefonderwys kom deurloop. Baie welkom aan Sarita Kruidenier wat in die Kameelperdklas proef. Ons hoop dat sy 'n leerervaring hier by Parkieland sal ondervind waarna sy altyd sal terugkyk met 'n warm hart.

Veiligheid:

- U het in verlede week se Menlo Weekliks (die Laerskool se nuusbrief) raakgelees dat Juffrou Odette daarteen waarsku dat ouers paraat moet wees.
- Ek was egter geskok om ingelig te word deur Tactical Edge, wat ons Sekuriteit hanteer, dat ouers uiters nalatig optree wanneer hulle voor Parkieland parkeer. Daar is ouers wat nie hulle motors sluit wanneer hulle soggens hul kinders aflaai nie, en selfs hul motordeure of vensters wawyd oophou.
- Skootrekenaars, selfone, rugsakke ensomeer word oop en bloot in die motors gelos.
- "Remote jamming" gebeur oral, wees asseblief paraat.
- **Moet asseblief ook onder geen omstandighede ooit u klein kindjie alleen in die motor los nie.** Dit is nêrens in ons land veilig om u kind alleen te los nie.

Eerstedag foto's:

- Die fotograwe is so te sê klaar met die proeffoto's. Wanneer dit arriveer gaan ons dit in die ingangsportaal opsit en kan u dit bestel.
- U gaan 'n bestelvorm ontvang met die inigting op vir EFT betalings direk in die fotograwe se rekening in.
- Foto's kos R75 vir 'n A4... Wees op die uitkyk vir die proeffoto's!

Pretloop: Donderdag 24 Februarie 2022 om 17:45: Projekkode vir inbetalings: P729:

- Die groot aand kom nader en ons kleuters raak nou opgewonde.
- Die borgvorms moet asseblief weer op **<u>Maandag 21 Februarie</u> 2022 terug wees by die klasonderwyseres.**
- Ouers wat boeties en sussies ingeskryf het, moet asseblief onthou van die R50 inskrywingsfooi wat betaalbaar is.
- **Hier volg die reëlings vir die aand:**

TYD: AANKOMS 17:45: ONS BEGIN 18:15

Kom asseblief 'n bietjie vroeër sodat u parkering kan kry, kan nesskop by u klas se punt en dat u kleuter betyds is vir al die opwinding.

MAAK SEKER U LOS GEEN WAARDEVOLLE ITEMS IN U MOTOR NIE EN VOEL AAN U MOTORDEUR OF DIT GESLUIT HET.

PLEKKE INNEEM: U word vriendelik versoek om vir die eerste 10 minute op die pawiljoen te sit vir die kleuters se krete. **Sodra die kleuters begin stap,** kan u rondom die atletiekbaan by u kleuter se banier gaan sit, of saam met u kleuter deelneem.

Onthou dat hierdie 'n gesinsaand is en dat ouers welkom is om saam met die kinders om die baan te hardloop te loop of te draf... wat ookal vir julle werk! Trek tekkies en gemaklike klere aan en kom neem deel!

PROGRAM:

1) **Verwelkoming - Riekie van Eeden**
2) **Skriflesing**
3) **Bekendstelling Ouerkomitee**
4) **Krete - al die groepe**
5) **Stappery begin**
   (Elke kleuter wat vir 'n volle uur stap, kry 'n medalje.)
6) **Medaljes word aan alle geregistreerde deelnemers oorhandig**
   (Sertifikate word die volgende dag uitgestuur.)
7) **Piekniek:**
   - U kan u eie piekniekmandjie pak en saambring, of indien u by die snoepie kos bestel het, kan u dit van 17:00 af afhaal.
   - Die snoepie sal nog bestellings inneem tot **Maandag 21 Februarie.**

BENODIGHEDE:

- 'n Opgewonde **kaalvoet** kleuter met 'n **Parkieland T-hemp** en 'n warm trui, vir na die stap.
- 'n Piekniekmandjie met eet- en drinkgoed, opvoustoele, komberse of kussings om op te sit.
- Moedig u kleuter aan om die volle uur te stap, so leer hulle van **deursettingsvermoë** en vasbyt tot aan die einde. In die verlede was ons hoogste rondtes tussen 18 en 33.
- **Nie-Parkieland Peuters** spring van hulle Parkieland broers en susters se punte af weg, en **Laerskoolkinders** spring voor die pawiljoen weg, en stop vir 'n spogkol of ysie by hulle kleuterboetie of –sussie se juffrou.
- Ons sluit vir u 'n **tekening** van die baan in, sodat u u piekniekmandjie by u kleuter se klaspunt kan neersit voordat u op die pawiljoen gaan plek inneem.
- Kyk ook uit vir elke klas se **gazebo**, die ouers gaan in klasverband saam sit en kuier.
- Indien dit **rëen** sal ons u in kennis stel van 'n nuwe datum. (Hou maar duim vas vir 'n lekker aand.)
- **Belangrik:** Gee vir u kleuter voor die Pretloop ietsie ligs om te eet, aangesien die piekniek eers na afloop van die Pretloop begin.

U kan kos direk by die Snoepie bestel vir die aand van die Pretloop. Ons stuur weer die bestellys uit sodat u kan sien wat beskikbaar is, en u u bestelling kan plaas tesame met u betaling. Indien u nie u eie kos van die huis af wil saambring nie, is hierdie 'n gemaklike opsie.

LET WEL DAT DIE SNOEPIE NET TOT 19:00 OOP BLY.

Hier is 10 maniere om vir jou kind te sê: "Ek is lief vir jou".

1. Speel saam met jou kind.
2. Vertel jou kind jy is trots op hom/haar.
3. Glimlag vir jou kind die oomblik wat jy jou kind sien.
4. Moenie voor jou kind baklei nie.
5. Dans saam!
6. Maak altyd tyd vir jou kind.
7. Jy kan nooit genoeg sê dat jy lief is vir jou kind nie.
8. Blaas vir jou kind soentjies.
9. Luister na jou kind.
10. En die belangrikste van alles: wees lief vir jou kind.

Vriendelike Parkiegroete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

PARKIELAND PRETSTAP
BESTELVORM

Liewe Parkieland Ouers,

Melk en Heuning snoepie is opgewonde om weer die spesiale Pretstap geleentheid met ons Parkieland gemeenskap te deel. Vir U gerief, kan U ligte etes vooraf bestel wat by die kombuisvenster afgehaal kan word.

LW: Die snoepie sal wel oop wees vir snoeperye. As u nie reeds die skool se elektroniese betaal opsie (D6 CONNECT) gebruik nie sal kontant ook aanvaar word. Daar sal nie 'n kaart fasiliteit beskikbaar wees nie.

Besonderhede:

Vul asb. die onderstaande in en besorg die vorm vergesel deur 'n bewys van betaling (*voor of op 21/02/22*) per epos aan benitasteyn8@gmail.com

Ouer se naam en van: _____

Kontak nommer: _____

Kind se naam en van: _____

Klas naam: _____

Spyskaart:

	Hoeveelheid	x	Koste	=	Subtotaal
Toasted Cheese		x	R 15	=	R
Toasted Ham & Cheese		x	R 20	=	R
Toasted Chicken Mayo		x	R 20	=	R
Vetkoek en Maalvleis		x	R 30	=	R
Romans Pizza Pie (ham en kaas vulsel)		x	R 30	=	R
Gesondheidsbroodjie (Pastrami, carmelised onion, cream cheese)		x	R 35	=	R
Couscous Slaai (morokaanse hoender fillet en geroosterde groente)		x	R 35	=	R
Griekse Groenslaai (met olywe, uie, tamatie, feta en komkommer)		x	R 35	=	R
			Totaal		R

EFT Besonderhede:

B Steyn
Capitec
Rek no: 1490824446
Tak kode: 470010
Gebruik u naam en van as verwysing

Belangrik:

Stuur asb. die ***bestelvorm en bewys van betaling voor of op Maandag 21 Februarie***
per epos aan benitasteyn8@gmail.com

PRETLOOP BAANUITLEG

BADKAMERS
SNOEPIE

PARKIELAND PRETLOOP
DONDERDAG
24 FEBRUARIE 2022
17:45 VIR 18:15

PARKIE-
LAND

PAVILJOEN

Kom neem deel
aan al die pret!

Valentynsdag 2022

Baie dankie aan almal wat met harte vol liefde skenkings vir Wollies gegee het! Dit word opreg waardeer! Dankie ook aan elkeen se bydraes vir die Valentyns-kolwyntjies! Dit was nou werklik 'n pret-dag by Parkieland!